2023 . Semester 2

# GETUIE/WITNESS

Amptelike nuusbrief van Getuienisaksie | Official newsletter of Witness Ministry



## MAKHATHINI YOUTH: “A FRESH INSPIRATION..."

On a bright and promising Saturday, August 26 marked the dawn of a new era for the Makhathini Christian Youth Ministry (CYM). As the newly appointed committee gathered, their hearts were ignited with a shared purpose, ready to embark on a journey that would shape not only their own lives but the lives of countless youth within the community.

This was more than just a "teambuilding" session. Laughter echoed through the air, bonding the members together in a tapestry of joy and unity. Yet amid the laughter, there were moments of quiet reflection, as they collectively meditated on the path that lay ahead.

> “Our vision is to respond to the social and spiritual needs of the youth within our church and community!" - CYM chairperson

"We aim to provide relative programs, activities, and events that will allow the youth to build a strong foundation of faith that enables them to express and share their faith through their own words, actions, and deeds. Our youth needs guidance and support as they navigate the most challenging part of their development and seek to grow in their walk with Christ.”

With the variety of gifts and deep dependence on the Lord, this group is equipped to take the youth of Makhathini to a higher spiritual level.

As the sun set on that remarkable Saturday, it cast the golden glow of hope and promise, symbolising the radiant future that this committee envisions for the youth of Makhathini.

Louwrens v.d. Westhuizen weshuis7@gmail.com

# REDAKSIONEEL

## Ons herbesin ons getuienistaak

Gedurende 2022 het Getuienisaksie onderneem om ons bediening en fokusareas te heroorweeg, weer na ons konteks en huidige uitdagings te kyk en die omvang van ons missionale doelwitte aan te pas.

By ons bestaande reeks van nege fokusareas het ons nuwe energie toegedien deur nog ses by te voeg: **jeug, diversiteit, hawelose mense, geweld, mense wat intrek uit Afrika** en **kerkeenheid**.

Aan die begin van 2023 het ons ses taakspanne toegewyd hul verbintenis tot ons 15 fokusareas bevestig deur die volgende aksies te prioritiseer:

- **Bemagtig leiers**: bied toerusting aan leiers binne gemeentes en susterskerke.
- **Klem op uitreike**: lewer bystand en ondersteun gemeentes om uitreikaksies te prioritiseer.
- **Evangelisasie:** help gemeentes om evangelisasie 'n sentrale punt van hul bediening te maak.
- **Opleiding van missionale leiers**: help om die missionale transformasie van gemeentes te versnel.
- **Navorsing**: ontgin die krag van navorsing om ons gemeentes, ringe en sinode te dien.
- **Eenheid as baken**: die eenheid van ons susterskerke is prioriteit nommer een.

Mag die stories wat ons in hierdie uitgawe van ons Getuienuusbrief vertel, 'n bewys wees dat ons prioriteite inderdaad in aksie omgesit word.

# EDITORIAL

## Rethinking our witness task

During 2022, Witness Ministry embarked on a transformative journey to rethink our ministry and focus areas, reconsider our context and current challenges, and readjust the scope of our missional goals.

To our existing array of nine focus areas, we infused new energy by adding six more: **youth, diversity, homeless people, violence, people moving in from Africa** and **church unity.**

At the beginning of 2023, our six task teams devotedly pledged their commitment to our 15 focus areas by prioritising the following actions:

- **Empowering leadership:** equipping congregational leadership and partner churches.
- **Elevate outreach:** assisting and supporting congregations to prioritise outreach.
- **Evangelisation:** helping congregations to place evangelisation in the centre of their ministry.
- **Training missional leaders:** helping to accelerate the missional transformation of congregations.
- **Research:** Harnessing the power of research to serve our congregations, presbyteries, and synod.
- **Unity as beacon: t**he unity of our family churches is priority number one.

May the stories we tell in this edition of our Witness Newsletter stand as a testament that our priorities are indeed translated into action.



*"The unity of our family churches is priority number one!"*

REV. STEPHEN PEDRO
WITNESS MINISTRY

# CONTEXTUAL BIBLE STUDY

## Isifundo seBhayibhile somxholo (i-CBS) sidibanisa amabandla aseHofmeyr kunye malunga nesicwangciso sokusebenza soluntu ukwakha ubunkokeli.




*"Amehlo am avuleka kwindlela iBhayibhile efundwa ngayo, ehlalutywa ngayo, neqondwa ngayo".*

La ngamazwi elungu loLutsha lelinye lamabandla amabini ase-URCSA Cape kwidolophu encinci yaseMpuma Koloni eHofmeyr, elithe ladibana ukuze lenze iContextual Bible Study malunga nobunkokeli.

Le ndibano incinci, yezizukulwana ngezizukulwana ezivela kumabandla antetho isisiBhulu nesiXhosa eHofmeyr, badibana ukuze bafunde indlela yokujonga imingeni yabahlali, ngeBhayibhile njengesikhokelo. Baye bafunda nendlela yokuqulunqa iSicwangciso Somsebenzi, ukwakha phezu kweziphumo zokuqondwa kweLizwi likaThixo, ukuze babe ngabathunywa benguqu kubomi babo, amabandla kunye noluntu.

Kulo nyaka uphelileyo, iQela eliSebenzayo loBulungiseleli bamaNgqina lagqiba ekubeni lazise iContextual Bible Study (CBS) kwiinkokeli zeWomens and Youth Ministries zapresbyteries ezingama-29 zeSinodi yoMmandla we-URCSA waseKapa. Ngaphaya koko, bagqibe ekubeni baqeqeshe ezinye zezi nkokeli njengabaNxibelelanisi be-CBS, ukuze babe nako ukwazisa i-CBS kuwo onke amasebe olungiselelo lwabadala babo.

Omnye waba Baququzeleli beCBS abaqeqeshiweyo beSebe Lobulungiseleli Basetyhini kwiBandla lase-URC Immanuel-Cradock, uNosipho Konki, esebenzisana nomfundisi wasekuhlaleni, uMfundisi uIrion, wacela ukwazisa iCBS 'kumabandla amabini awayengenamntu' kwidolophu eselumelwaneni yaseHofmeyr.

Ngenkxaso yeofisi yesinodi kaMfundisi uPedro, uNosipho wazisa, waza waququzelela, i-CBS ngeCawa, umhla wesi-2 kuJulayi 2023, enamalungu angama-23 kula mabandla mabini eHofmeyr. Bagxile komnye wemingeni yeSinodi yoMmandla we-URCSA eKapa, UKWAKHIWA KOBUNKOKELI. Ifundwe kunye iEksodus 18 ngexesha le-CBS kwaye baqalise ukuqulunqa iSicwangciso soMsebenzi malunga nokuba banokukusebenzisa njani oko bakubonileyo, ngokufunda iBhayibhile, kwindawo abahlala kuyo.


Eyona nto eyenza le nkqubo ibaluleke kakhulu kwaye ibenentsingiselo kukuba iCBS ayizange iphelele nje ekudibaniseni la mabandla antetho isisiBhulu nesiXhosa, nangaphandle komfundisi, njengoko omnye wabadala watshoyo, axhotyiswa yindlela nesixhobo sokufunda ibhayibhile. bakhe ubufundisi babo.



This article, **Hofmeyr looks at communal challenges with BIBLE and Action Plan**, is available in English on our website.

https://shorturl.at/cDY24

Stephen Pedro stephen@kaapkerk.co.za 067 770 5986



# “Ons loop in die voetspore van sendelinge”

Die verlede het 'n kragtige manier om ons hede in te kleur en ons toekoms te vorm. Hierdie waarheid het diep deurgedring in die hart van Leon Foot (skriba van Vrystaat se sinode) tydens die NG Kerk se onlangse besoek aan Malawi, waar hy die geleentheid gehad het om die geskiedenis van sy geloofsgemeenskap te herontdek en 'n nuwe waardering vir die werk van sy kerklike voorouers te ervaar.

Vir Foot was hierdie reis na Malawi 'n onvergeetlike en besonderse belewenis. "Hierdie was my eerste besoek aan Malawi en ek is baie bly ek het gegaan. Dit is een van daardie ‘wow-oomblikke’ van ‘n mens se lewe, waar jy met ‘n knop in jou keel staan en kyk na wat jou kerklike voorouers gedoen het."

As 'n kind van die Kaap, het die stories van die sendelinge in Malawi 'n groot deel van Foot se grootwordjare gevorm. "Ons het as kinders gehoor van sendelinge wat daar gaan werk het – mense wat hulle lewe daaraan gewy het om mense in Afrika te gaan help." Om in die voetspore van die sendelinge in Malawi te kon loop, het hom die geleentheid gegee om die fisiese bewyse van daardie toewyding te sien en dit het hom geroer.

Die gemeenskap van Malawi het Foot geraak met hul vasberadenheid en hul vermoë om met min te werk en daarvan 'n lewe te maak. "Die mense in Malawi het min, maar hulle kom reg met dit wat hulle het en hulle doen iets daarmee. As jy kyk na die omgewing, sien jy altyd iemand wat besig is om iets te maak – hulle laat hulle nie onderkry nie. Die kerk in Malawi is duidelik nie ‘n kerk met oorvloedige bronne nie, maar wat opvallend is, is die trots wat mens by hulle opmerk." Hierdie trots kom voort uit 'n erfenis van geloof en toewyding.





## DIE KRAG VAN GEMEENSKAP

Leon Foot sluit sy getuienis af deur op te merk dat die besoek aan Malawi hom herinner aan die krag van gemeenskap en die toewyding en impak van ‘n geloofsreis wat oor geslagte voortduur.

"Ek sê weer, dit was ‘n voorreg om te kon deelneem en te sien wat in Malawi tot stand gebring is. Ek dink ons het oor die afgelope tyd te min gemaak van dié stories en dit is belangrik dat ons lidmate weer die sendelinge se stories moet hoor.”

Daniël de Wet missio@kaapkerk.co.za 082 068 7795

# Die mense van die gangetjies en stegies van die stad...

Rheen ken elke gangetjie en stegie van die stad. Hy is hier, dan is hy daar en dan is hy sommer oral op die strate. Kloofstraat, die Tuine, St George's Cathedral, om 'n paar te noem. Rheen het ook die jarelange gewoonte om al sy klere bo-oor mekaar aan te trek wat hom soos 'n Oros-mannetjie laat lyk, dis die 'Rheen handelsmerk'. **Rheen, wie is jy? En waar kom jy vandaan?**

Ek glo dat Rheen self sy storie sou wou vertel, maar ongelukkig kan hy dit nie met woorde op papier doen nie. Rheen se woordeskat is hoofsaaklik beperk tot 'ja' en 'nee' op enige vraag wat jy vir hom vra. Sy belangrikste manier van kommunikasie is sy vriendelike glimlag wat hy graag met almal deel. Hy is op sy gelukkigste tussen die wilde duiwe van die stad en sorg dat hulle nie honger ly nie.




**Spreuke 31:8**

"Praat namens hulle wat nie self kan praat nie. Verseker dat daar reg geskied aan hulle wat hulpeloos is."

## Most important people on the street

Rheen, wat al jare op straat geleef het, is genooi om deel te word van Straatwerk Ophelp Projekte se MIPS bediening (Mentally Impaired People of the Street of soos ons hulle noem: Most Important People of the Street). Hier word weerlose mense, soos Rheen, ingetrek en versorg. Die MIPS doen spesiale skofte deur al die glimbaadjies en handskoene te was. So verdien hulle 'n klein inkomste en vind 'n plek om te behoort.



Rheen is 'n vry gees met sy eie gedagtes en ritme en idees oor die lewe en hy wil nie ingeperk wees nie. Rheen se veiligheid en versorging was altyd 'n uitdaging en ons het hom genooi om in die Straatwerk-huis in Woodstock te kom bly. Ongelukkig was die aanpassing vir hom te veel. Gelukkig is daar altyd 'n kreatiewe plan wat gemaak kan word en 'n knap skrynwerker het 'n klein Nutec huisie vir Rheen staangemaak op die stoep van die huis waar hy kan kom en gaan soos hy wil.

Stadig maar seker sien ons hoe Rheen deel word van die huishouding. Hy sit knus saam met die ander inwoners voor die kaggel met die kat op sy skoot. Hy eet saam en geniet die geselskap op sy spesiale manier. Hy bid saam. Daarna gaan hy na sy eie huisie op die stoep.

Die gangetjies en stegies, die Nutec huisie op die stoep, die Tuine se duiwe, die wasgoed by Ophelp Projekte, die kaggel en die kat ... Oral is Rheen se tuiste. Rheen, mag die Here van vrede self, altyd en op elke manier vir jou vrede gee. Mag die genade van God met jou en jou gedagtes en wilde duiwe wees.


Fourie Truter fourie@straatwerk.org.za www.straatwerk.org.za








# Isibindi: 10 jaar van 'community'

Ek onthou dit nog soos gister: die Dinsdagaand in 2013 toe ek en 4 vriende vir koffie in Ysterplaat ontmoet het om saam te droom oor hoe ons ‘n Echo-gemeenskap in die Kaap kan begin. Sonder enige geld of idee waar ons ‘n huis gaan kry het ons net geweet: ons moet ‘n huis vir jongmense in nood begin. Jaco Strydom het ons toe uitgedaag om net eers saam met mense te eet en so die gemeenskap te leer ken. Vandag nog is hierdie saameet geleenthede die hart van ons gemeenskap.

Juliemaand kon ons tien jaar sedert die begin van hierdie gemeenskap vier. Verskeie jongmense wat oor die jare by ons gewoon het asook ons familie uit Pretoria het kom saamkuier. Ons het geluister na stories wat versamel is oor die jare – sommige mooi, maar ander ook hartseer. Ons kon vier dat die Here werklik goed was vir ons die laaste tien jaar. Alhoewel ons daagliks met moeilike en uitdagende jongmense werk, ervaar ons hoe die Here ons seën en deel is van hierdie storie.

> **"God het vir Isibindi in Ysterplaat/Brooklyn geplant sodat Hy die hoop hier vir ons kinders, vir die prostituut vriende, hawelose vriende, rampokker vriende en soveel meer mense kan wees.”**
>
> 'n Inwoner op Ysterplaat

Vandag huisves Isibindi 45 jongmense in ons huise in Tableview, Ysterplaat, Stellenbosch en die Paarl. Ons is ook dankbaar vir 25 kinders wat elke weeksmiddag by ons nasorg aansluit vir huiswerk en ‘n lekker bord kos.

Ons hoop om in die volgende tien jaar meer mense se lewens aan te raak met die liefde van Jesus. Op die volgende tien jaar!

Niel Steyn niel@isibindi.org.za www.isibindi.org.za

# KLETS EN KUIER MAAK VAN VREEMDELINGE VRIENDE

Op 'n sonnige wintersoggend laai die taxi 'n groepie gretige taalleerders in Khayelitsha af. Pastoor Aaron Makili en vennote van die Great Commission, NG Kerk en Twinning Network ontvang ons by die Makukhanye Sentrum vir 'n Kletskuier-taalleersessie.



Deur taalleertegnieke van die Brewster LAMP-metode (Language Acquisition Made Practical) aan te bied, het Kletskuier die gemeenskap toegerus om enige nuwe taal te bemeester. Hierdie kulturele uitwisseling bevorder vennootskappe en skep gemaklike verhoudings tussen taalleerders en moedertaalsprekers.

Ons het heerlik saam gelag, gesels en mekaar se name leer ken. Na ons tonge ordentlik om die Xhosa klieks geknoop het, besluit ons saam watter eerste frases om te leer. Die taalhelpers het geduldig met uitspraak gehelp terwyl ons met slimfone opgeneem het, geluister en geoefen het.

Gewapen met ons nuwe vaardighede het ons geselsies met plaaslike gemeenskapslede aangeknoop. Inwoners is gretig om ons te help en bly om ons te verwelkom. Ons het besef ons leer nie net taal nie, maar bou ook brûe na harte.

Cecile Murray-Louw kletskuier@gmail.com 082 219 1162

> “En dit alles kom van God af, wat ons deur Christus met Homself versoen het, en aan ons die bediening van die **versoening** gegee het.”
>
> 2 KORINTHIËRS 5:18







“Vir baie van ons was dié

# Pinkster iets vars en nuuts!”

Ds. Marco Koch, Tulbagh



## God se Gees maak alles nuut!

Met hierdie tema het NG Kerk Tulbagh hierdie jaar Pinkster op ‘n vars manier gevier. Tydens die vier dae het ds. David Botha perspektiewe van die Heilige Gees gedeel vanuit 'n ekologiese oogpunt.



Om werklik hierdie ekologiese fokus deel te maak van die week se verrigtinge het die gemeente 20 palmbome van die plaaslike kwekery geleen en deel gemaak van die Pinkster-ruimte.



Hulle het ook ander elemente in die spasie inkorporeer soos ‘n fontein, labirint en selfs 'n opgestopte breëkoparend om die ruimte ‘vars lewe te gee’.

Na elke erediens het lidmate deur die opgemaakte saal beweeg om opnuut bewus te word van hoe hulle die Gees in die natuur te beleef.

## Die Heilige Gees in die natuur

Ds. Botha het lidmate gehelp om die Heilige Gees in die natuur te beleef deur hulle te begelei met fokus op: ongereserveerde gasvryheid, onverdeelde aandag, die belangrikheid van in die oomblik bly en ‘n fokus op stilte.

Die leraar van die gemeente, ds. Marco Koch, vertel dat hierdie jaar se Pinkster-tema vir baie een was van bewusmaking, met mense wat dit beleef het as iets anders.

Vir Marco is dit ook belangrik dat ander gemeentes hulle ervarings rondom ekologie en God se skepping deel, sodat ons mekaar kan bemoedig en so hoop kan skep.

Marco Koch
marco2koch@gmail.com

# #100DorpeDialoog gaan van krag tot krag

*Ons wil dorpe help om saam te bou aan 'n **hoopvolle** toekoms in hulle gemeenskappe!*



Met 'n gees van optimisme het die Sentrum vir Publieke Getuienis (SPG) se #100DorpeDialoog-gesprekke onlangs dorpe in ons streek verenig. Hierdie projek poog om die pad na sterker sosiale kohesie in ons land te belig.

Die doel is eenvoudig: om saam te kuier en te gesels oor die uitdagings wat ons gemeenskappe konfronteer. So word daar saam gebou aan 'n hoopvolle toekoms in ons gemeenskappe

Jeugkwessies, werkloosheid, armoede, groot wantroue in die gemeenskappe – dit is slegs enkele van die struikelblokke wat dorpe kelder. Dit verhoed ons om werklik te floreer en saam vorentoe te gaan.

Onlangse gesprekke het plaasgevind op Laingsburg en Robertson, met baie goeie opkoms en deelname. Hierdie gesprekke dien as die boublokke van 'n fondament vir 'n beter môre. Graag deel ons enkele van die getuienisse wat uit hierdie dorpe se gesprekke na vore getree het.

**01** Ons het as gemeenskap ons saam verbeel oor hoe ons toekoms kan lyk.

Die goue draad wat regdeur gespan het, is die besef dat ons die waagmoed moet hê om mekaar te vertrou: boere en dorpenaars, wit en bruin.

Sonder 'n etos van vertroue sou al ons planne neerkom op pleisters plak sonder om werklik wonde te wil genees. Ek is opgewonde om in verband met die SPG te bly - om hulpbronne te ontsluit soos benodig wanneer ons nou so 'n toekoms probeer betree. Mag Laingsburg sodoende 'n stukkie getuienis bied van die Here se voorsienigheid vir ons deur die werk wat die SPG doen."

*- Ds. Heinrich Niehaus, Laingsburg*

**02** Op 8 Augustus was ons 20 gemeenskapsleiers bymekaar en ons het lekker diep gepraat.

Onder leiding van dr. Braam Hanekom en die #100DorpeDialoog kon ons as dorp saam om die tafel sit, mekaar in die oë kyk en diep en eerlik met mekaar praat.

Ons het nie geskroom om die kwessies van vaderskap en die insluiting van kinders in ons gemeenskap aan te spreek nie. Die gesprekke het dieper gegaan en ons het die gemeenskapsprobleme aangeraak wat ons almal se probleme is.

Daar was ŉ gees van eenheid en hernude hoop vir ons mooi gemeenskap. Ons is opgewonde vir wat voorlê!

*- Ds. Janlu Kuyler, Robertson*

*Ons kon saam verbeel oor hoe ons toekoms kan lyk en die goue draad wat regdeur gespan het, is die besef dat ons die waagmoed moet hê om mekaar te vertrou.*

Braam Hanekom braam@kaapkerk.co.za 083 302 8639

# “Judaism feels empty to me.”



Our field worker at Simcha Ministry Jewish Evangelism received a text message from a stranger: “I would like to meet up with you to talk about Jews for Jesus.” They agreed on a time and date. Over a cup of coffee, Mrs. R. shared that her orthodox Jewish upbringing has felt very disconnected from God or any true spiritual life. Now that her parents have passed on she feels the freedom to explore other religions and paths. A mutual friend gave her my number and suggested she “try Messianic Judaism”. Her response: “So tell me about Messianic Judaism!”

Jeanie de Wet, our Simcha worker shared the gospel with her emphasising Jesus’ words: **“You must be born again.”**

Mrs. R. strongly identified with her desire to have this kind of transformation. Weary of making hasty decisions, she has not put her faith in Jesus yet but has been attending several small group meetings. At one such meeting, everyone was encouraged to pray.

“I have never prayed without a siddur (Jewish prayer book in Hebrew),” Mrs. R. explained. Jeanie de Wet led her in a simple prayer after explaining that one cannot possibly talk to God only through reading a prayer. Prayer is personal, and intimate and awaits an answer from the one it is addressed to.

Let us continue to pray for Mrs. R!

Jeanie de Wet simchaministry@gmail.com 072 408 6458

## Biblia - IMSA’s vessel of compassion

Port Welfare Officers Robert Wileman and Collins Bomali form an unwavering team. The Cape of Storms simply cannot keep these men away from their call to serve visiting seafarers with the uplifting message of the Gospel.

Collins completed training earlier in 2023 under Robert Wileman, a veteran Biblia chaplain serving faithfully since 1982. Robert, once a bookkeeper, continued to visit the port on a weekly basis after “retirement.” Jaco Leeuwner hence asked Robert to rejoin this ministry in 2020. Together, Robert and Collins visit ships and the larger industrial area in the port.

To learn more about this transformative ministry, connect with Biblia Cape Region's coordinator, Jaco Leeuwner, at +27 71 255 8977 or contact@biblia.partners.



# SEE THE GAP AND STEP INTO THE GAP

In August this year, Ambassadors Football partnered with 25:40 and The Leadership Experience to host another awe-inspiring TREC (Training Resourcing Equipping Churches/Coaches) event in Jeffreys Bay. Twenty coaches from Canzibe, Port Alfred, Jeffreys Bay and Zambia were in attendance. With unwavering support from CFW and The Butterfly Foundation, they transformed vision into reality.

An integral first step in the training is to help the coaches observe and really see their own and their communities' reality. Where are gaps, spaces of brokenness and need? Unfortunately, in most of our communities, the needs outweigh the resources. It is especially the gaps left by absent fathers that lead to deep pain and feelings of brokenness.

One such coach was Anna, from Zambia, who lost her father at an early age. She has also been deeply wounded and traumatised by her uncles back home trying to take their family from her mother and the two daughters for years.



## JESUS INVITED ANNA INTO DEEP COMMUNION WITH HIM FROM MATTHEW 11:28-30, SAYING: COME TO ME!

As she responded to this invitation to bring her pain to Him, she could spot the gap in her own life and take action to step into the gap.

What did she do? She invited me, a white Afrikaans pastor, to step into the gap by becoming a father figure to her. What an incredible, humbling moment for me to pray for her as a father and to step into this gap by being a father figure as we continue to journey together.

Can we all spot the gaps and boldly step into them for the sake of the Kingdom of God?

Ben Marais bmarais@ambassadorsfootball.org https://za.ambassadorsfootball.org






## MUDIWA WANGU - MY GELIEFDE

Hierdie boek bevat 'n seleksie van die honderde briewe wat Ettie Louw, dogter van die merkwaardige pioniersendelinge in Mashonaland, Andrew en Cinie Louw, met Coen Brand gewissel het tydens hul verlowing van meer as vyf jaar. Dit weerspiël nie net die ontplooiing van 'n lewenslange liefdesverhouding nie, maar ook hoe mense gedink en geleef het op uiteenlopende plekke soos Morgenster, Stellenbocsh en Namakwaland in die vroeë 1900's.

Rig gerus navrae aan Marianna de Jager by 082 577 2653 of dejagerb@gmail.com.



At the helm of this spiritual voyage stands Rev. Theo Francis (photo), a beacon of inspiration and dedication, leading the RCA Living Water Congregation with unwavering fervour.

Rev. Francis humbly acknowledges the privilege of being part of the Cravenby congregation, recognizing the devotion of the leadership and their profound love for the ministry. "In the realm of our challenges and triumphs, we find solace in our unity and shared purpose."

The journey of faith is marked by its challenges, and the Cravenby congregation is no exception. Yet, within these challenges, they stand strong in the assurance that the Divine hand guides their every step. They face the tasks of nurturing their congregation, tending to their premises, and building with the knowledge that their efforts are supported by a higher power.

# Embracing unity and faith in Cravenby

In the vibrant heart of Cape Town, a faith community radiates the essence of unity and community. The Reformed Church in Africa (RCA), stemming from the pioneering efforts of the Dutch Reformed Church in 1968, has woven a tapestry of faith that embraces and uplifts the diverse Cravenby community.

Ons streef daarna om in die toekoms dié nuusbrief sover moontlik **elektronies** te versend. Stuur gerus jou e-posadres aan sodat ons jou hierby kan insluit.

We are striving to send this newsletter **electronically** as far as possible in the near future. Please send us your email address so we can include you in this process.

## Subscribe to our digital newsletter!

+27 76 330 1527

## MAAK 'N BYDRAE

## Getuie/Witness

We are called to serve and witness together in and from Africa

Getuienisaksie . Witness Ministry
(+27) 21 957 7204
Pastorie street 11, Maturia Centre, Bellville, 7530

**www.witnessministry.christians.co.za**

## Banking details

NG Kerk in SA (Witness)
Nedbank
Branch code: 198 765
Account number: 1135 900 280
Reference: Initials + Surname